

Stappie



NUUSBRIEF VAN DIE ATLETE VIR CHRISTUS

BLOUVLEIWEG 56, WELLINGTON 7655

www.atletevirchristus.co.za

JAARGANG 21, NOMMER 3

SEPTEMBER 2014

Alles is gereed!



Alles is gereed vir vanjaar se reünie wat saamval met die veertigste keer wat *Atlete vir Christus* sedert 1975 getoer het. En oral heers daar groot opgewondenheid.

Die reünie vind oor die naweek van 3-5 Oktober 2014 by die pragtige Mountain Breeze-terrein buite Stellenbosch plaas.

Die verrigtinge skop Vrydagaand af met 'n braai en groot kuier. **Fanie Richter** (A75), by wie die gedagte aan iets soos *Atlete vir Christus* ontstaan het, en **Norman Burger** (S75,76,77), die eerste drie jaar se toerleier, het vir die reünie ingeskryf.

Saterdagoggend vind die drafessie plaas. Die skofte is 40 minute lank. Daarna word die Bybelstudie aangebied deur dr **Frederick Marais** (A78,79, T14), vanjaar se toerpa.

Die hoogtepunt van die naweek is waarskynlik die groot dinee wat om vyfuur die Saterdagmiddag afskop. Benewens Hospitaaltyd is daar ook 'n optrede van vanjaar se sanggroep. Die reüniegangers kan hulle ook regmaak vir heerlike gesamentlike sang oor die hele naweek. **Jaco Vollgraaff** (S99,00) en **Lizl** (Pieterse) **Botha** (S99,01) doen die begeleiding. **Annelien** (Lubbe) **van Wyk** (S99,00) het al die beplanning gedoen.

Daar is ook 'n reüniekoor onder leiding van **Leon Starker** (S82,83,A84,S85,A87), die dirigent van die

internasionaal bekroonde Kaapstadse Jeugkoor. Sondag se ere diens word deur oom Bol gelei.

Al die etes gaan groot byval vind. Oom Bokkie is bekend vir sy etes. **Irené Howard** (S09,10) het twee Karoo-skape geskenk vir die spitbraai.

Nuwe webtuiste

Atlete vir Christus het 'n nuwe sprankelende webtuiste! **Tobie Lourens** (S02,A03,S04) is daarvoor verantwoordelik. Jy kan gerus daar 'n draai maak.

www.atletevirchristus.co.za

Nuwe leiers vir 2015



Louis Marais

Alta van Schalkwyk

Die leiers van *Atlete vir Christus* 2015 is pas aangewys. Hulle is **Louis Marais** (S13,14) en **Alta van Schalkwyk** (P14). Louis kom van Oudtshoorn af en is tans 'n tweedejaar besig met BSc Molekulêre Biologie en Bioteegnologie. Alta 'n derdejaar besig met Bedryfsingenieurswese. Sy is van die Weskus, Velddrif. Ons beste wense vir julle skof wat voorlê.

Groen en goud

Danette Smith (A07,08,09) het onlangs in nasionale kleure wes van Colorado Springs in die voetheuwels van die Rotsgebergte in die VSA aan die Pikes Peak Ascentbergwedloop deelgeneem.



Danette saam met die span. Sy staan in die middel voor

Die wedloop is 21 km lank en bestaan daaruit dat 'n mens teen die berg uithardloop – daar is dus net een bult om oor bekommerd te wees. Die wedloop begin op 'n hoogte van 1 900 m en die eindpunt is 4 300 m bo seespieël. Op daardie hoogte is daar 40% minder suurstof as op seevlak.

Die steilste gedeeltes is aan die begin en die laaste deel na die eindpunt toe waar die gradiënt 14% is. Die gemiddelde is 11%. Die sterkste hardlopers voltooi die laaste 5 km teen 10-minuut-kilo's. Die wedloop se gemiddelde tyd is 4,5 uur. Tans staan die rekord op 2:01 vir mans en 2:26 vir vroue.

In vanjaar se wedloop is daar 1 800 deelnemers. Hulle het in twee bondels weggespring. Toe die wedloop begin het, was die temperatuur 15°C en die eindpunt steeds onder vriespunt.

Danette het vierde in die ouderdomsgroep 20-24 jaar gekom.

NB

**Besonderhede
vir bydraes**

NB

Atlete vir Christus het weer vanjaar gedraf om fondse bymekaar te maak om Bybelstudiegids in tronke beskikbaar te stel. Dit belangrik dat jy die verwysing AvC byvoeg as jy 'n bydrae maak sodat jou geld op die regte plek beland. Jou bydrae sal opreg waardeur word.

NG Kerk Stellenbosch

Nedbank, Business Winelands

Rek: 1498043232 (Tjek). Takkode: 149821

Verwysing: AvC

Al fikser – vir Christus

Vanjaar se toerpa, dr **Frederick Marais** (A78,79,T14), het aan **Stappie** gesê dat die veertigste toer van *Atlete vir Christus* vir almal 'n groot seën was. “Soos die vorige 39 toere was daar uitdagings wat ons op dieper vlakke gebou het as net om 2 000 km te hardloop. Die toer het ons karakter as volgelinge van Christus gevorm.

“Die span was 'n wonderlike diverse groep wat mekaar gedra én geslyp het. Soos wat dit altyd op 'n AvC-toer gaan, kom die groep, maar ook individue in die groep, voor uitdagings te staan wat ons strek tot nuwe insigte en leefstyle – of dit nou 'n bergpas vroegoggend in Zuurburg, óf 'n soveelste vroeë diensbeurt waarvoor daar 03:00 opgestaan moet word in temperatuur van minus 8 en óf dit nou die Filippense-brief is wat ons uitdaag om ander se belange bo ons eie te stel, ons moes dikwels diep delf in ons menswees op die toer.

“Die veertigste toer was byna soos 'n gimnasium waarin ons geestelike fiks gemaak is om vanuit ons identiteit in die dienende Christus te leer leef. Bietjie vir bietjie het ons fikser geword om stil te word en na die stem van die Gees deur die Woord te luister; het ons geleer om te onderskei tussen die belange van ons ego en ons identiteit in Christus. Soos wat die atlete aan die einde van die toer fikser geraak geraak het, het die span dit makliker gevind om stil te raak en hulle joernale te skryf, of te bid of na te dink oor die Here se teenwoordigheid in die dag wat verby is. Dalk vat die “vir Christus” deel van ons leuse, die toer die beste saam. Ons kan almal hardloop, sing en gesels op ons manier, maar as ons dit nou “vir Christus” begin doen, word dit iets anders. Hoewel dit klein offers gevra het, het ons natuurlik soveel meer ontvang.

Geen vakansie op 'n eksotiese vakansieoord kon ons soveel diep vreugde, vriendskap en lewensgenot gee as die veertigste toer van Port Elizabeth tot by The Heads by Knysna nie. Dit het eenvoudig 'n onwisbare stempel op ons gelaat wat lewenslank by ons sal bly.



Die foto is geneem tydens die Bybelstudie tussen Aberdeen en Willowmore onder by die dam, die dag ná Frederick teruggekom het van sy pa se begrafnis. Die begrafnisbrief was nog in die Bybel.

Internasionaal

Mari (le Roux) Lategan (P90,91,93), stigter en eienaar van INContext, 'n strategie-konsultant wat in “versnellers” spesialiseer, het nou 'n geakkrediteerde fasiliteerder geword vir die internasionaal-bekende “veranderings-argitek” dr Leandro Herrero se Accelerators-program.



John Lennon het gesê die lewe is dit wat met jou gebeur terwyl jy besig is om ander planne te maak. Bestuursplanne wat in die vinnig veranderende sakewêreld strategieë moet bedink, sal dalk met hom saamstem.

Hulle vind toenemend dat die tradisionele strategiese beplanningssessies of lang programme om verandering te bestuur, nie vinnig genoeg praktiese resultate lewer nie – en dat hulle planne verouderd is teen die tyd dat hulle dit moet toepas. Daar is ook toenemend 'n behoefte aan strategiese oplossings wat besige bestuurslui nie dae lank uit die kantoor hou nie, sê Mari.

As jy 'n prentjie van 'n petrolpedaal in jou kop het, is jy nie ver van die kol nie: “Met 'n versneller kan 'n bestuursplan vinnig leer wat fout is of verander moet word en om onmiddellik nuwe idees op 'n praktiese wyse toe te pas.”

Die soort oplossings waarmee Mari werk, is 'n eerste vir Suid-Afrika, en die strategiesessies, wat net 'n dag duur, help ondernemings wat vinnig oplossings benodig omdat hulle eenvoudig nie die luukse het om dae lank daarvoor te dink nie.

Sy vertel dat 'n bestuursplan tipies teen November strategiese planne uitwerk om hulle doelwitte vir die volgende jaar te bereik. “Maar teen Junie kom hulle agter dat niemand meer die strategiese plan volg nie, en nou is dit soos 'n rekenaar wat jy moet herlaai om terug te kom by die doelwitte.”

In so 'n daglange werksessie sal sy die span lei om eerlike en reguit vrae te vra oor die probleme wat hulle terughou. “Ons sal probeer om antwoorde te vind op vrae soos: Wat is die olifant in die kamer, oftewel wát is dit wat ons nie vir mekaar sê nie, maar wat almal kan sien fout is.” Spanlede moet ook vasstel waar die sogenaamde “gebreekte ruite” in hulle organisasie is – die soort foute wat op grondvlak voorkom en wat reggemaak moet word voordat die stelsel weer behoorlik werk. Vrae soos dié is noodsaaklik, want wanneer dinge wat veronderstel is om te werk nie onder beheer is nie, gaan jy nie jou doelwitte bereik nie, al is jou strategiese planne hoe goed bedink.”

Ingryping wat Herrero “disruptive ideas” noem, kan 'n kragtige inspuiting van innovasie vir 'n onderneming wees. “Dit is daarop gemik om die maatskappy-bestuur uit te daag om krities te dink oor die manier waarop hulle dinge doen en om klein veranderings aan te bring wat dadelik 'n impak op die organisasie se prestasie kan hê.”

Daar word krities gekyk na 30 voorbeelde van idees of produkte wat ontwerp is om die status quo uit te daag. Herrero het 'n boek, ook Disruptive Ideas, hieroor geskryf waarin hy vertel dat sulke idees op hul eie die potensiaal het om betekenisvolle veranderinge teweeg te bring, maar die saamgestelde voordeel van sulke idees is eintlik die enjin wat ondernemings transformeer.

Die groot voordeel van sulke kort, maar intense strategiese vergaderings is dat spanne daar uitstap met duidelikheid oor hulle strategie en weet wat op 'n praktiese vlak gedoen moet word om doelwitte te bereik.

“Baie konsultante hou die kliënt se hand vas, maar ons help hulle eerder om self vorentoe te gaan.”

Maar besef die sakewêreld in Suid-Afrika hoe vinnig die pas van verandering deesdae is? “Daar is bestuurslui vir wie innovasie deel is van wat hulle doen, maar daar is ook baie ondernemings wat skop teen verandering en nie besef dat die impak van nuwe tegnologie deesdae deursyfer na elke bedryf nie, of ons dit nou wil hê of nie.”

Volgens Mari is dit daarom nodig dat maatskappye meer gereeld strategiesessies hou. “Ons moet die gaping tussen strategie en praktyk vernou, en dit is vir ons almal in Suid-Afrika van waarde om gereeld bestek op te neem en eerlik te kyk wat regtig aangaan in ons organisasies.”

Sy sê die grootste beloning is as sy drie maande ná 'n sessie weer met 'n kliënt gesels en hoor dat die onderneming nou 'n heeltemal nuwe groeikurwe volg danksy die veranderings wat hulle bedink het. “Om 'n daadwerklike verskil te maak, is die soort beloning wat geen geld kan koop nie.”

Berig deur Vida Booysen, Rapport, 13 Julie 2014.

My wens vir julle

“Hallo julle!” skryf **Christoph Schulenberg** (A93,94,95). “Die reünie klink heerlik en terselfdertyd onmoontlik om by te woon! (Ek wou mos so ver van die huis af gaan swot!) Ek weet julle sal ’n lekker, gesellige, geseënde naweek hê. Geniet dit!

“Vir die wat my onthou:

“Ek het ná my studies vir ’n ruk in Pretoria en toe Port Elizabeth gewerk. In 1999 het ek ’n duidelike antwoord van die Here gekry dat dit OK is as ek gaan boer: ‘Ek sal jou alles gee wat jy nodig het.’ En dit was ook so, en is vandag nog so. Hierdie belofte het my al deur ’n paar moeilike droogtes gedra ... ‘Is die Here dan ’n mens dat Hy van plan sal verander?’



Christoph en sy gesin

“Die eerste en belangrikste gebeurtenis van hierdie lang lys van voorsiening, was dat ek en my vrou, Senta, 6 maande later in Pretoria ontmoet het, net voor sy self op pad was om te verhuis terug Natal toe waar sy vandaan kom. So gesien, so gesoen, so gedaan! Vandag het ons 3 kinders: Anke (10), Alec (8) en Emma (4). Huis is ’n plaas met die naam Hakboslaagte (wat al meer as 100 jaar in ons familie se besit is), 30 km suid van Lichtenburg, Noordwes. Ons kinders hou ons geweldig besig (soos die wat gelukkig genoeg is, sal weet!). Ons seun Alec, is ’n Asperger-kind, en dit bring sy eie unieke uitdagings. Ek geniet dit om so nou en dan ’n rondte gholf te speel. Ek het selfs nou die dag die draftekkies afgestof en ’n volle 2 km oorleef! Ek speel trompet in die kerk se koperblaas-ensemble, en is betrokke by ’n gemeenskapsforum.

“Een van die Atlete-girls het eendag aan my gesê dat sy ’n bediening onder swart mense in my toekoms sien. Wel, ek en my pa het ’n span werkers wat soos ’n spul ekstra kinders voel party dae. Ek glo dat landbou in SA gaan oor baie meer as voedselproduksie. Dit gaan ook oor die volhoubaarheid van hele gemeenskappe. Dis waarmee ons hier besig is. En so tussen deur, probeer ’n mens die Waarheid loslaat op die mense se lewe. Die uitdagings in hierdie mense se lewe, soos julle almal weet, is legio. Die realiteit van dit alles, ingesluit die onbeholpenheid van veral plaaslike owerhede hier bo in die land, is soms baie

frustrerend. Maar ons sal aanhou stry aan die goeie stryd, en hoopelik ’n klein bydrae maak in God se Koninkryk.

“Ek wens julle almal ’n hegte, blywende band met ons Here Jesus toe. Hy is die begin en einde van alles, ook ons hoop. Hy is die middelpunt, die swaartekrag wat ons saambind. Hy is die bron van al ons vreugde. En natuurlik ook die bron van daardie vrede wat die wêreld najaag en nooit sal vind sonder oorgawe aan die Koning nie. In Hom, soos ons so baie ervaar, is so ’n vrede moontlik. ten spyte van ... En dis wat ek julle toewens. Mag julle toegevoeg word in sy liefde, en Hy julle uit julle sokkies uit seën! Ahoe!”

Ek het hoop gekry

“Dit was vir my baie spesiaal om so na ander mense uit te reik en hulle net gerus te stel dat die Here altyd daar is vir hulle,” sê **WL Kruger** (A14) oor vanjaar se toer. Die uitreik het my as persoon ook baie gevorm en versterk. Ek was in die begin nie ’n persoon wat baie gemaklik is om so met vreemdelinge te praat oor die wonderbaarlike dinge wat die Here vir ons belowe het. Daar was altyd ’n ongemaklike atmosfeer as iemand met my praat oor Christus, maar die toer het my net geleer wat die Here se plan met ons is. Ek het gesien dat al wat ons vir Hom moet doen, is om sy Naam te versprei na ander wat miskien twyfel of sukkel. Die wonderlike mense waarmee ek saam gewerk het, het my ook net hoop gegee dat die wêreld steeds mense het wat so baie omgee vir ander en die Here se wil uitvoer.



“My verhouding met die Here is soveel versterk en het so baie ontwikkel dat ek nou weet alles is in sy hande en ons kan nie ons eie probleme uitsorteer sonder om Hom te vra om hulp nie of om ons lewe aan Hom oor te gee nie. Die Here het met ons almal gepraat op die uitreik deur ander mense of net alledaagse dinge. Ek is so bevoorreg om deel te wees van die *Atlete vir Christus*-span en net om die geleentheid te kry om ander mense van die Here te vertel.”

Stappie

Die volgende uitgawe van **Stappie** verskyn na afloop van die reünie gedurende November 2014. Laat gerus van jou hoor.

Stappie

Blouvleiweg 56, Wellington 7655

Epos: atletevirchristus75@gmail.com

Selnommer: 079 524 4541

Vir die veertigste keer

“Dit is vir my ongelooflik dat die tyd so vinnig verby gevlieg het. Die een oomblik sit ons nog in die Khaya en ontmoet mekaar vir die eerste keer. En die volgende oomblik loop ons mekaar op kampus raak en groet mekaar soos ’n ou familie-lid, waar die groet van ’n bekende gesig soveel mooi en warm herinnerings terugbring,” vertel **Janneke Marais (P12,S13,P15)**, vanjaar se toerleidster. “Hierdie jaar se toer was vir my uitsonderlik, in die manier hoe Jesus se beskermende hand oor ons was deur die hele toer. Met sy uitdagings, yskoue oggende, seer bene, moeë stemme en elkeen se persoonlike soeke na die Waarheid, was hierdie toer ’n spesiale een.



“Iets wat vir my uitstaan – en wat ek altyd sal onthou – is die feit dat ek en Johan met groot bekommernis, die aand voor ons Port Elizabeth toe vertrek waar die voortoerkamp was en die toer sou begin, vir die span moes aankondig dat daar net 8 atlete gaan wees, in plaas van 10. Die ver

kilometers het ewe skielik nog verder geraak en die spanning was so effens verhoog. Maar op die een of ander manier het die Here die onmoontlike kom moontlik maak. Hy het die pad onder die drawwers se voete lig gemaak en Hy het die span gebruik om op verskillende maniere die drawwers te ondersteun sodat ons elke kilometer op ons roete kon klaarmaak.

“En dit is ook hoe die lewe vir ons moet wees. Blindelings moet ons die onmoontlike uitdagings aanpak, met geloof so groot soos dié van ’n kind, met die wete dat die Here ons sal dra en die pad saam met ons sal loop. Jesus kom wys maar net elke keer, hierdie jaar vir die veertigste keer, dat Hy groter is as enige uitdaging. Alleen sal ons nooit ooit wees nie, want Hy is by en in ons. Ek is so bevoorreg om hierdie boodskap in soveel verskillende maniere deur die afgelope 3 jaar te kon beleef, waar ek dit ook nou saam met my sal dra vir die res van my lewe.

“I’m going where He goes, and He’ll be there beside me.”

Deel van iets groter

“Voor ’n toer het ’n mens altyd sekere verwagtings van hoe die toer moet verloop. Soos almal weet, gaan dit nooit soos beplan nie – en hierdie toer was nie anders nie,” sê **Johan Kellermann (S11,A12,13,14)**, vanjaar se toerleier. “Net soos ons in ’n gemaksone kom, word ons in ongemaklike situasies geplaas.

Ek was weer eens verstom met hoe die Here op die einaardigste maniere met ons kom werk het, hoe mense my verbaas het en hoe ons as vriende soveel kon regkry. Die gevangenes wat vir ons gesing het, die mense by wie ons gebly het en die ongelooflike skofte sal ek nie vergeet nie.



Ek het weer eens besef hoe spesiaal en anders ’n vriendskap is wat rondom Hom gebaseer is. Ek kon hierdie jaar klaarmaak met my laaste toer en weet dat ek deel van iets is wat soveel groter is as wat ons ooit sal kan verstaan. Daar is nog baie wat ek moet leer, maar *Atlete vir Christus* sal maar net altyd ’n onvergeetlike deel van my lewe wees.

Snaaks en ernstig



André Edwards (A14) getuig dat *Atlete vir Christus* vir hom ’n nuwe betekenis gegee het aan vertroue, liefde en verhoudings. “Die toer het vir my gewys dat God ’n persoonlike God is wat elke dag betrokke in ons lewe is. Ek het ’n nuwe geestelike ondersteuningsgroep ontdek en ek sal altyd die snaakse en ernstige oomblike op toer diep in my hart bêre.”

Die beste belegging

Altus Treurnicht (S13,A14) skryf: “Ná vanjaar se toer het my ma vir my gesê: ‘Boeta, jy’t nou een jaar gesing en een jaar gedraf. Jy kan darem seker nou volgende jaar vakansie hou vir ’n slag.’ Sonder om te huiwer het ek dadelik geantwoord dat ek dit as ’n vakansie gesien het. Dit het my egter weer herinner dat soveel mense ons uitreik sien as ’n opoffering.

“Hulle het natuurlik goeie rede om so te glo. Die meeste mense sal dink jou bont varkie is weg as jy binne 18 dae somer vir die lekkerte so 230 km aflê met net 2 dae se rus. Dit raak meer eienaardig as hulle hoor jy spring soggens 03:00 weg in -9 C as jou sleepwa gevries is en selfs jou bussie se enjin nog wil knus. Dis natuurlik nie net die drawwers wat **moet** skuldig pleit nie. Die dag op Ouboet kan net so lank raak vir ’n sanggroeplid of PW. (Of selfs langer op Knusbus ...) ‘Raak julle nie moeg vir mekaar nie?’ ‘Mis julle nie die huis nie?’ ‘Julle stemme is seker al gaar gesing?’ ‘Julle kan seker nie meer wag om laat te slaap nie?’ ‘Shame, julle arme kinders.’ Dit is alles vrae wat ons daaglik hoor. So ja, die mense het hulle redes om te dink ons skroewe is effens los.



“Wat is dus die rede dat ons bereid is om jaar na jaar te toer? Jou Julievakansie weg te skuif en jouself in baie vreemde omstandighede te plaas? As jy in een van die 40 Atlete-toere betrokke was, verg dit nie baie om die antwoord te snap nie. Dit wat jy gee, word heelte-mal oorskadu deur wat jy terugkry.

Ons gaan om uit te reik na mense. Om uit jou gemak-

sone te klim en te hardloop, sing en gesels vir Christus om sodoende die evangelie te verkondig. Tog word ons op die pad so geseën. Finansieel, ’n wonderlike groep vriende, die lekkerste bederfies en deur die aarde se natuurskoon te ervaar. Behalwe hierdie aardse dinge is die geestelike ervaring egter die grootste. Jy stap diep spore saam met die Here en vestig jouself as ’n dissipel. Die dinge wat ek al op Atlete beleef en geleer het, dra ek elke dag saam met my. Nie net vir persoonlike groei nie, maar ook om saam met Hom die nou pad te wandel.

Atlete is dus nie ’n opoffering nie, maar een van die beste beleggings wat jy in jou lewe sal maak. AHOE!

Die krag van getuienis



Stephan de Kock (S14) vertel dat die een saak wat in die afgelope drie weke op *Atlete vir Christus* vir hom uitgestaan het, was definitief die krag wat daar in getuienis is. Om my storie voor ’n klomp tronkinwoners te vertel, het nogals ’n ander gevoel. Die effek wat dit toe op die res van die span gehad het, was onbeskryflik. Verder was dit definitief die individuele verhoudings wat ’n mens bou en dan die gasvryheid wat ons van vreemde mense ontvang! Ek het

ook baie geleer en dinge besef danksy die Bybelstudies en Klipsit. Ek voel dat ’n uitreik soos AVC kardinaal belangrik is vir jongmense om geestelik en ook as mense te groei.

Maak oop om te dien

Suzanne Basson (S14) vertel:

“Die toer het so baie beteken vir my geestelike en per-soonlike groei. Die samesyn as familie en vertroue in mekaar sal ek altyd saam met my dra. Die toer het vir my geleer wat dit beteken om ten volle jou hande, voete, stem en hart oop te maak om ander te dien en bo jouself te plaas. Die wêreld is ’n beter plek met liefde en vertroue in God as jou fondament.”



‘My bubble is op die Bos’

Richard Barnard (S14) skryf: “As ek eerlik moet wees, kan ek erken dat ek voor die toer aan die koue kant van lou was, as dit kom by leef vir Christus. Op toer het ek die



bevestiging gekry dat ek ’n ongelooftlike God aanbid en tans brand ek met passie om voluit, *boots and all*, vir Christus te leef. Ná toer is ’n mens bang dat die geestelike bubble van toer gaan bars en dat jy net weer gaan terugval na die aardse neigings van die vlees. My getuienis wil net sê dat ek my bubble saamgebring het en dat elke dag sy eie geleenthede vir my inhou, om te deel in die almag van ons Here.”

Die groter prentjie

“Een gedagte wat ek altyd saam met my sal vat wat so baie vir my beteken het, was dat die klein dingetjies in die lewe ook eintlik die meeste beteken,” skryf **Amé Breuinessin** (A14). “Elkeen van ons het ’n groter droom en wil dit graag bereik. Dit raak so dat ’n mens vasgevang word in daardie prentjie en vergeet om te dink aan hoe jy op pad is daarheen. Ons wou almal al die skofte klaargemaak het en was gefokus daarop en vergeet dat ons dit dag vir dag moes doen. Elke dag het ook sy eie uitdagings gehad soos om die skof te voltooi en partykeer dink ’n mens net terwyl jy hardloop “amper klaar, amper klaar”, maar wat van die blomme en bokkies en die skoelappers en spore langs die pad wat ook ’n seëning van Jesus is? Ek het net geleer: hou die groot droom, maar waardeer jou journey tot daar.

“Die Here het ons geseën! Dit was ongeveer 2 000 km en ons het net 8 atlete gehad! Tog het ons die toer suksesvol voltooi sonder erge beserings. Ons het ’n baie lekker groep gehad wat almal baie goed oor die weggekom het en ons het lewenslange vriende



gemaak! Baie van ons het ook die Here op ongelooflike maniere ervaar en beleef! Veral deur die natuur en ook deur die mense wat so diensbaar was! Frederick Marais se Bybelstudies het ook ons almal uitgedaag en het ongelooflik baie beteken. Ons het so baie geleer!”

Die tronk

“Die toer was die ongelooflikste geestelike ervaring wat ek ooit beleef het,” sê **Wiaan Novella** (S14). Dit was net wonderlik om saam met amazing mense so ’n vriendskap te kon bou en so saam te kon groei in geloof. Ek dink nie ek het die woorde om alles te kan beskryf wat ek op toer ervaar het nie; as ek alles moet skryf, sal ek seker vyf bladsye vol tik. Die



ervaring wat my die meeste aangeraak het, was die besoek aan Kimberley se tronk.

Ek het besef dat waarmee ons op die toer besig is, regtig die moeite en min slaap werd is en dat ons regtig mense se lewens kan verander. Hulle het met die grootste oorgawe vir ons gesing en ek kon letterlik die Here se teenwoordigheid in die tronk voel. Dis definitief iets wat ek nooit sal vergeet nie.

Dankie vir die borge

Vir **Wilma Pieterse**

(S14) was *Atlete vir Christus* ’n ongelooflike ervaring wat sy nie eintlik in woorde kan beskryf nie. “Dit was drie weke van my lewe wat ek vir altyd sal koester en hopelik so deel van my geword het, dat ek my lewe lank sal uitleef en getuig van wat ek ervaar het in daardie tyd. Al word my lyf ’n



bietjie moeg, voel ek so vervul, toegerus en geestelik ryker in elke opsig deur die toer. Ek voel betekenisvol, vol passie en opreg dankbaar. Ek kon so baie van die Here leer by ons toerpa (dr Frederick Marais), my medespanlede, gasouers, deur die ongelooflike skoonheid van die natuur en selfs (of eintlik veral) by gevangenis. Die manier hoe gemeentes ons op toer verwelkom en uitgereik het, het vir my weer laat besef dat ons eintlik almal een enorme familie in Christus is – en so ook is die gevangenis deel daarvan.

Ek wil sommer graag vir almal bedank wat so vrymoedig vir ons borge gegee het: julle is ’n inspirasie. Ek is so dankbaar dat ek deel van die span kon wees. Nou kan ek eintlik nie my lewe indink sonder elkeen van julle nie. Die opgewondenheid dans in my hart elke keer as ons mekaar weer kan sien en dis so spesiaal.

Maybe this is the moment for which you have been created (Ester 4:14) – Uit ’n klipsit deur Janneke.

Die beste belegging



Carike Lambrechts (S11, 12,14) vertel dit was 'n ongelooflike voorreg om weer deel te kon wees van die AVC-toer. "Ek glo dat daar vir elke persoonlike verhouding met die Here 'n spesifieke geleentheid is en ek is net weer eens daaraan herinner. Die Here het op verskeie tye vir my kom wys dat sy wil nie nét is dat ek en Hy 'n ongelooflike verhouding moet hê nie, maar ook dat ek met medegelowiges asook nie-gelowiges 'n pad moet stap saam met Hom. Ek het die Here se teenwoordigheid hierdie jaar besonders ervaar, en dit in 'n tronk! God se teenwoordigheid is nie beperk tot waar ons gemaklik is om dit uit te leef nie. Daarom sal ek aanhou mense uitdaag om daardie gemaklikheidsgrense te verskuif, die Here sal jou verras!"

Skape in die pad

Stoffel Fivaz (A13,14) sê dat hy omtrent twee weke voor die toer begin het, 'n belofte van die Here gekry dat hy nie hoef te worry oor die afstand wat hy moet draf nie of dat hy enige beserings sal kry nie. "Ek het net daardie openbaring gekry dat ek moet vertrou op die Here en Hy sal vir my sorg. Dit het ook baie goed aangesluit by Psalm 37:5 ("Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom; Hy sal sorg.")



wat my lewensvisie is. Dit het toe wel gebeur dat ek al op my tweede skof getwyfel het of hierdie openbaring nou net my gedagtes was en of dit werklik van die Here af gekom het. In hierdie twyfel en soeke na 'n teken dat die Here saam my op die pad is, sien ek toe 'n trop skape voor my in die pad. Daar was seker nog so 4 km van my skof oor en die skape het vir die hele 4 km voor my in die pad gedraf en elke keer as ek gestop het vir krampe het hulle ook gestop. Ek was so oorweldig deur die Here se teenwoordigheid en het ek so skaam gevoel dat getwyfel het. Ek het net daardie dag opnuut besef dat in die hande van die Here is enigiets moontlik en Hy hoor elke dank- en smeekgebed van elkeen. Met die Here se krag en al my vertroue op Hom gestel kon ek sonder enige beserings die afstand aflê. Vir die eerste keer in my lewe was dit dat ek so 'n duidelike openbaring gekry en gesien het hoe daardie openbaring waarheid geword het. Dit breek my brein om te probeer dink hoe groot en tot hoe baie die Here in staat is.

Hardloop, sing, gesels

"Ten spite van al die wonderwerke, het ek 'n paar praktiese lesse gekry oor basiese riglyne vir die reis," aan die woord is **Alta Van Schalkwyk** (P14). "Ek het geleer hoe God wil hê ons elke dag moet leef: Ons harte moet elke oggend *sing* as ons opstaan en as ons gaan slaap moet ons net dankie sê. Ons moet elke tree wat vir ons elkeen in ons eie skof wag, saam met Jesus *hardloop* en Hom vertrou om vir ons krag te gee vir die volgende tree, al is dit opdraend met die wind van voor. Ons moenie net ons oë in die verte hou en dan die klein dinge langs die pad mis nie. Ons moet elke vreemdeling, in die oë kyk en *gesels*. *Ons moet hardloop, sing en gesels Christus elke dag. It's a lifestyle.*



Tronkbesoek




Joané Franken (S14) vertel dat Atletes vir haar 'n wonderlike ervaring was. "Wat vir my uit gestaan het, was hoe groot verskil 'n mens kan maak deur klein goedjies. Deur net daar te wees vir iemand, of om vir iemand te glimlag of belangstellig te toon kan so baie vir iemand beteken. Die tronkbesoek in Kimberley staan definitief vir my uit. Wat my diep geraak het, was die gevangene wat

opgestaan en ons bedank het dat ons hulle nie vergeet nie en dat ons die moeite doen om hulle te kom besoek. Hier het ek besef dat alle gevangenes ook maar net mense is wat foute gemaak het, maar nou op die ergste manier daarvoor gestraf word. Hulle moet gestraf word, maar steeds bly die tronk 'n koue en alleen plek waar die gevangenes se menswaardigheid weggeneem word. Hierdie besef het my so hartseer gemaak en tot vandag toe bid ek elke dag vir die gevangenes, sodat hulle elke dag God se aanvaardig en liefde sal ervaar.



Onthou jy nog al die lemoene op jou toer?

Lewensveranderend



Nicky Marais (S14) sê daar is nie woorde om te beskryf wat *Atlete vir Christus* alles vir hom beteken het nie. “Ek glo almal wat dit al gedoen het, sal met my saamstem. Ja, *Atlete* is ’n lewensveranderende ervaring. Daar is te veel dinge om oor te skryf van wat gebeur het op

toer. Daarom gaan ek vir julle vertel hoe my lewe nou aangeraak is.

Die Here werk nou met my meer as ooit tevore en enigiets wat ek doen, doen ek vir Hom! Sy teenwoordigheid voel ek die hele tyd en ek voel ek kan ’n verskil in enige persoon se lewe maak. Op toer het ek agtergekom dat indien ’n mens gee, ontvang jy soveel meer terug. Om te gee is dus nou deel van my leefstyl – al is dit byvoorbeeld net om vriendelik met almal te kan wees.

Die heerlike kos, lekker lag, vriendskappe wat ’n mens bou en sommer net laf wees langs die pad, is dinge wat vir my uitgestaan het van vanjaar se toer. Die gedagte dat ons mense se lewens kon verander het of dalk iemand weer hoop te kon gee, is ook iets wat vir lank by my sal bly. Ek kan getuig dat *Atlete vir Christus* werklik my lewe verander het! aHoe!



'n Foto van vanjaar se span by die mooi kerk op Murraysburg

Wonderlike leerseisoen

Kyle van Heerden (A14) koppel wat hy wil vertel aan 1 Korintiërs 2:9: “For no eyes have seen, no ears have heard, no mind has imagined what God has prepared for those who love Him.” Hy sê: *Atlete vir Christus* was werklik een van die wonderlikste leerseisoene wat ek saam met soveel ongelooflike mense kon deel. Ek is nou al vir ’n paar jaar saam met Jesus op ’n pelgrimstog, waar Hy keer op keer nuwe karaktereenskappe van Homself vir my openbaar. Selfs dele van Hom wat ek gedink het ek al ken, het Hy op *Atlete* van vooraf my net in bewondering laat stilstaan. Jesus het werklik my kop kom vernuwe, om die res van my pelgrimstog te voltooi met my oë op mense en my hart vir Jesus. Daarom sing my hart dat aan Hom kom al die eer.



So baie geleer

Margrethe Nel (S13,14) sê dit was ’n baie baie spesiale toer! “Nie net was dit die veertigste toer nie, maar die Here het ons geseën! Dit was ongeveer 2 000km en ons het net 8 atlete gehad! Tog het ons die toer suksesvol kon voltooi met nie vreeslike erge beserings nie! Ons het ’n baie lekker groep gehad wat almal goed oor die weggekom het en



ons het lewenslange vriende gemaak! Baie van ons het ook die Here op ongelooflike maniere ervaar en beleef! Veral deur die natuur en ook deur die mense wat so diensbaar was! Frederick Marais se Bybelstudies het ook ons almal baie uitgedaag en het ongelooflik baie vir ons beteken. Ons het so baie geleer!

Die kers wat dans

Charné Brynard (S11,12,13,P14) skryf dat Atlete 2014 vir haar heeltemal anders as haar ander toere was. “Eerstens omdat dit so spesiaal was waar ek Klub 50 kon deel met Johan Kellermann en ook waar ek heeltemal uit my comfort zone gehaal was deur vir die eerste keer PW te wees.

“God was die jaar ongelooflik teenwoordig, eers op voortoerkamp waar ek my eerste Goddelike ervaring in lewende lywe kon ervaar. En dan sy absolute nabyheid en grootheid in die tronke – veral Kim-



berley se gevangenis.

Vanjaar het die Here my lewensversie *Vat sy hand en dans met Hom in die stilte wat Hy jou bring* voltooi deur een van die spanlede te gebruik. Dit is soos volg: *Vat sy hand en dans met hom in die stilte wat hy jou bring. Wees die kers wat dans in 'n kamer sonder wind.*

Die skadus teen jou muur sal verkwyn in die oorfloed van sy seën. En verlaas sal jy egte vryheid van hart en siel beleef.



Charné Brynard en Johan Kellermann tydens die viering van hulle Klub 50

Bybelkor sê dankie



Vanjaar se toerleiers, Johan Kellermann en Janneke Marais, saam met mev Dalene Jooste (middel) van Bybelkor. Mev Jooste het tydens die span se optrede by Wellington-Oos Bybelkor se dank aan die Atlete vir Christus oorgedra vir hulle voortgesette ondersteuning en aan elke spanlid 'n dankie sê-pakkie gegee



Die einde van 2014 se toer by The Heads in Knysna



'n Klipsit met 'n verskil: Ons leer om te vertrou